191. T. 3(2)

# NA VYF-EN-TWINTIG JAAR

Deur

PROFESSOR H.B. THOM

(Voorsittersrede, Silwerjubileum-Kongres van die F.A.K., Bloemfontein 29 September - 3 Oktober 1954)

---

Geagte mede-Afrikaners,

Ons is in hierdie dae hier vir 'n geleentheid byeen wat later miskien nog as 'n historiese geleentheid bekend sal staan. Die geleentheid wat ons hier byeenbring is weer die uitvloeisel van gebeurtenisse en bedrywighede wat deur 'n hele aantal jare heen voorgekom het en insonderheid van 'n geleentheid, vyf-en-twintig jaar gelede, wat vandag reeds as 'n betekenisvolle, historiese geleentheid bekend geword het.

Laat ons nou kyk wat hierdie historiese gebeurtenis van 'n kwarteeu gelede was.

In die loop van die jaar 1929 het vooraanstaande Afrikaanse kultuurleiers gedagtes gewissel oor 'n sorgwekkende ontaarding, wat daar toe op kulturele gebied onder Afrikaners ingetree het.

Ten gevolge van dié gedagtewisseling is op 24 Augustus van dieselfde jaar 'n vergadering in Bloemfontein gehou, waar verteenwoordigers van verskeie Afrikaanse organisasies saamgekom het. Op hierdie vergadering is eenparig besluit om 'n <u>Uniale Afrikaanse Taal- en Kultuurkonferensie</u> te hou, waar Afrikaners mekaar kon ontmoet om oor hulle gemeenskaplike kulturele vraagstukke te beraadslaag en om na te gaan hoe versnipperde, verstrooide kultuurkragte, wat in die vorm van groter en kleiner verenigings oor die hele land versprei gelê het, saamgetrek en doeltreffend gekoördineer kon word.

Die uitkoms van hierdie voorbereidende stappe was dat op 18 en 19 Desember van 1929 die historiese <u>Uniale Taal- en Kultuurkonferensie</u> in Bloemfontein gehou is. <u>Histories</u> noem ons hierdie geleentheid, en tereg ook, want op hierdie vergadering het die Afrikanerdom sy hand in sy eie boesem gesteek; hier het hy

sy/....

sy geestelike verdeeldheid en verbrokkeling, wat hom in sy stryd dikwels magteloos geslaan het, ruiterlik onder die oë gesien. Dit was hier, op 18 en 19 Desember 1929, dat die Afrikanerdom met al die erns van sy siel sy vernederende swakheid met openhartigheid aan homself getoon en gestel het; en dit was hier dat hy die antwoord gegee het: Afrikaanse organisasies moes na mekaar toe kom, hulle moes hulle bymekaar voeg en hulle saamsluit binne die sentrale eenheidsband van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings. Dit het maar net één groot betekenis gehad: Afrikaners moes mekaar se hande vat; die F.A.K. moes die hande na mekaar toe bring, en hierdie hande moes mekaar nie weer laat los nie.

Wat 'n verhewe moment! Wat 'n verhewe gedagte! Die geskiedenis van vyf-en-twintig jaar gelede spreek weer vandag luid tot ons. Laat ons nou vir 'n oomblik stilstaan; laat ons nagaan hoe dit met die Afrikaner in vyf-en-twintig jaar op kulturele gebied gegaan het, en laat ons sien hoe dit vandag met hom gesteld is.

Die kulturele patroon van die Afrikanerdom was vyf-en-twintig jaar gelede in hoë mate verskillend van wat dit vandag is. Uit organisatoriese oogpunt beskou, was daar 'n groot mate van versnippering of verbrokkeling. Daar was wel reeds 'n hele aantal Afrikaanse organisasies. Daar was Kerkrade, daar was onderwysersverenigings, daar was vroueverenigings, Dingaansfeeskomitees, jongeliedeverenigings, Helpmekaartakke en nog 'n hele aantal ander liggame. En hulle was ook nie net tot die één provinsie beperk nie, maar hulle het oor al vier provinsies en Suidwes-Afrika versprei gelê. Maar daar was geen band onder hulle nie, en dus geen eenheidsoptrede nie. Die een het, in die nastrewing van sy doelstellings, nie met die ander rekening gehou of saamgewerk nie. Onder die Provinsies was daar ook weinig voeling, en 'n gees van provinsialisme was besig om op te kom, wat gedreig het om die fundamentele eenheid van die Afrikanerdom te verwoes. Daar was geen liggaam wat 'n eenheid van strewe en koördinering van

kragte kon bewerkstellig nie. Trouens, so erg was die versnippering dat Afrikaanse organisasies mekaar dikwels onbewus teruggewerk het. In hierdie toestand van sake het die Afrikaner hom kultureel ernstig verswak gevind: tot groot dade, wat die gemobiliseerde geeskrag van die volk vereis, was hy nog nie bra in staat nie.

Die gewone kultuurbedrywighede kon onder sulke omstandighede nie tot noemenswaardige bloei kom nie. Volksgewoontes, volkspele en volksang is wel beoefen, maar dit het die krag gemis wat deur behoorlike organisasie meegebring word. By geleenthede waar Afrikaners byeen gekom het, is wel Boeresport soos skyfskiet, perdesport en jukskei beoefen, en by sulke geleenthede is ook volkspele gespeel en volksliedere gesing, maar daar was geen grootskaalse organisasie wat hom vir die onvervalste behoud, die doelbewuste uitbouing en propagering van hierdie mooi kultuurbesittinge van die volk beywer het nie. Die neiging by ons Afrikaners was veeleer om ons eie kultuurbesittinge as doodgewoon, as onbelangrik en selfs as minder verfynd te beskou. Ons het groot gevaar geloop om te verloor wat ons ouers en voorouers uit 'n suiwere, eie materiële en geestelike kultuurbodem opgebou het, en dit te verruil vir iets wat van oor die see tot ons gekom het, iets wat geen bouwerk van onsself gevra het nie en wat juis dáárom soos 'n oppervlakkige vernis aan ons gekleef het. Langenhoven het die spyker op die kop geslaan toe hy - juis in hierdie tyd - hom die opmerking laat ontval het: "'n Naäper is slegter as 'n aap, want hy is nie eers 'n aap nie!"

Vyf-en-twintig jaar gelede was dit met die Afrikaner op onderwysgebied ook nog geensins na wens gesteld nie. Weliswaar was daar al 'n klompie skole met Afrikaans as voertaal, maar dat dit 'n doodgewone reg van die Afrikaner-ouer was om te eis dat sy kind deur middel van sy moedertaal onderrig sal ontvang, was nog geensins erken nie. Die Afrikaner moes vir sy moedertaal-onderwys stry; en as hy in die stryd vordering wou maak, kon hy vir geen oomblik verslap nie. In sy stryd om hierdie ideaal moes hy ook dikwels die grofste belediging, smaad en hoon verdra.

Sy/...

Sy strewe om sy kind in die taal van sy huis en sy hart te laat onderwys, is as politieke propaganda aan die wêreld voorgehou, en Afrikaanse skole is as broeiplekke van politieke onheil uitgemaak.

Ook op ekonomiese gebied is die beeld wat die jaar 1929 van die Afrikanerdom gee, seer seker nie 'n bemoedigende beeld nie. Daar is baie van ons wat duidelike herinneringe uit hierdie tyd het. Ons het geworstel met die ontsettende vraagstuk van 'n paar honderd duisend blanke armes, en ons het voor die skrikwekkende feit gestaan dat byna almal van hierdie mense ons eie, mede-Afrikaners was. 'n Sosioloog het destyds bereken dat ongeveer een uit elke vier Afrikaners broodsgebrek gely het. En wat nog erger was, dit het in daardie tyd gelyk of die getal van blanke armes steeds besig was om toe te neem en of die probleem steeds groter en groter in omvang geword het. Hoef dit ons dan te verwonder dat verantwoordelike Afrikanerleiers soms, diep besorg in hulle harte, aan mekaar die vraag gestel het of die Afrikanervolk nie nog in sy geheel tot 'n volk van blanke armes gereduseer sou word nie.

Maar nog meer: nie net met die armes self nie, maar selfs met dié deel van die Afrikanervolk wat nog 'n redelike bestaan kon vind, was dit bedenklik gesteld. In die sakelewe het die Afrikaner vrywel geen staanplek gehad nie: ons Engelse en Joodse mede-burgers het, dank sy hulle groter kennis en langer ervaring op hierdie gebied, naasteby 'n monopolie gevestig. In die professies het die Afrikaner ook ver agter gestaan: die Afrikaners wat bv. as medici, as tandheelkundiges, as regspraktisyns, as rekenmeesters, as landmeters ens. hoog gepresteer het, en nog steeds egte Afrikaners gebly het, was, betreklik gesproke, maar baie min in getal. In die lig van dit alles ly dit dus geen twyfel nie dat die Afrikaner sowat vyf-en-twintig jaar gelede op ekonomiese gebied in 'n uiters moeilike toestand verkeer het, en dat sy toekoms maar baie donker was.

Dit is dan 'n paar hooftrekke van ons kulturele patroon in die tyd toe die F.A.K. gestig is. Onwillekeurig het ons ons

by/...

by hierdie opsomming al bewus geword van verskille met die patroon wat ons vandag om ons sien. Dit is egter insiggewend en leersaam om 'n bietjie nader op 'n paar hooftrekke van die huidige patroon te let, en om stil te staan by die aandeel wat die F.A.K. in verband met die verandering van die patroon gehad het.

Uit organisatoriese oogpunt beskou, het die stigting van die F.A.K. beteken dat daar in 'n dringende behoefte van die Afrikanerdom voorsien is. Die eenheidsband is gevorm wat Afrikaanse organisasies nodig gehad het om hulle kragte te koördineer en te mobiliseer, en aldus die kulturele versnippering te beëindig.

Die F.A.K. het - soos hy ook vandag nog is - die vorm van 'n federasie aangeneem. Hy het geensins die identiteit van bestaande Afrikaanse organisasies vernietig of selfs eers aangetas nie, maar hy het hulle erken en het gekom om as skakel tussen hulle te staan. Hulle het by die F.A.K. geaffilieër, en die F.A.K. het hulle kragte opgevang, dit gekoördineer en gekanaliseer om sodoende rigting aan die kulturele lewe van die Afrikaner te gee. Die Afrikanervolk het die betekenis van die F.A.K. ook ingesien; die volk het sy organisasies onder die F.A.K. ingeskakel; die volk het die F.A.K. vertrou en hom as sy vernaamste mondstuk op kulturele gebied aanvaar. Waar daar wrywing tussen Afrikaanse organisasies was, of waar hulle mekaar onbewus benadeel het, daar het die F.A.K. ingetree en met dié één groot beginsel: nie die belange van die enkeling nie, maar die belange van die Afrikanerdom as geheel, rigting en leiding probeer gee. Só het daar, organisatories ten minste, 'n groot mate van eenheid gekom en het kulturele verbrokkeling en versnippering iets van die verlede geword.

Vanaf die dag van sy stigting het die F.A.K. kom ook onvermoeid beywer om ons Afrikaanse kultuurskatte in ere te herstel en suiwer te bewaar. Deur persoonlike optrede van F.A.K.-leiers, deur omsendbriewe aan geaffilieërde liggame en donateurlede, en deur mededelings in die pers het die F.A.K. daarop aangedring dat Boeresport en ander volksgewoontes by kultuurfunksies en ander sosiale byeenkomste beoefen moet word. Volkspele is deur

die F.A.K. met krag en doelbewustheid gepropageer, en dit het amper vanselfsprekend geword dat geaffilieërde liggame volkspele in hulle programme insluit wanneer hulle vir die een of ander feesgeleentheid voorberęi.

Volksang het, miskien meer as enige ander kulturele bedrywigheid van ons mense, deur die werk van die F.A.K. gebaat. Daar is niks wat so 'n doeltreffende teenwig teen denasionalisering en ontaarding uitmaak as die skriftelike vaslegging van ons eie kultuurgoedere nie. Ons volk het tal van mooi liedere gehad, maar dit was nie in skrif en musiek vasgelê nie, en onder die druk van die grammofoon, die radio en die klankfilm het die gevaar groot geword dat ons dit sou verloor en daardeur as 'n volk armer sou word.

Toe het die F.A.K. aan ons mense hulle Volksangbundel gegee: ons volksliedere is in musiek en skrif vasgelê. Dink net daaraan wat dit nie vir ons volk beteken het en nog beteken nie! Daar vind omtrent geen Afrikaanse feesgeleentheid plaas nie, of die F.A.K. Volksangbundel kom daarby te pas. Daar is geen Afrikaanse skool in die land waar die Volksangbundel nie gebruik word nie. Daar is seker omtrent geen Afrikaanse ouerhuis in die land, waar daar op die klavier gespeel word en waar die Volksangbundel nie tevoorskyn gehaal word nie. Wat hierdie een enkele bundel vir die Afrikaner op kulturele gebied beteken het, sal seker nie maklik oorskat kan word nie.

Vanaf die begin van sy bestaan af het die F.A.K. eweseer in die onderwys belanggestel. Hier het hy hom met vuur en ywer vir drie groot beginsels in die stryd gewerp: Christelike onderwys, Nasionale onderwys, Moedertaalonderwys. Soos bekend is, het die stryd vir hierdie drie beginsels die heftigste teenkanting ontmoet; en is dit veral die propagering van hierdie drie beginsels wat meegebring het dat die F.A.K. as 'n politieke organisasie voorgestel is, wat hom met politieke propaganda sou besig hou.

Die beskuldigings het van verskillende kante gekom. Dit het gekom van die vyande van ons volk, d.i. van mense wat die Afrikaner 'n menswaardige plek in sy eie land nie gegun het nie en wat sy opkoms met onguns en afguns bejeën het. Oor die houding van diesulkes was ons jammer, maar in ons spyt was ons tog dankbaar, want nou het ons geweet wie ons geveinsde vriende is, en ons was in elk geval al ervare genoeg om te besef dat ons geveinsde vriende ons grootste vyande is. Deur die houding van diesulkes is ons in ons stryd na mekaar toe gebring, en het ons die stryd met soveel meer beslistheid en doelbewustheid aangebind.

Maar beskuldigings het ook van welménendes uit eie kring, van Afrikaners uit eie midde, gekom. By sommige van hulle is hulle houding uit onkunde gebore; by andere uit misleiding; by nog andere uit kleinlike persoonlike belange of vooroordele. Met hulle moes ons verdraagsaam handel: op geduldige, begrypende wyse moes ons oortuigingswerk doen, want hulle was ons eie mense, mense wat na ons kant toe gewen moes word om nog saam met ons in die stryd te staan.

Die F.A.K. het met sy stryd vir die Afrikanerskool voortgegaan. Die hoogtepunt daarvan was die groot kongres oor Moedertaalonderwys wat enige jare gelede in die Bloemfonteinse Stadsaal gehou is. Afgevaardigdes het van oor die hele land gekom, en hulle het die besielende gedagtes van die Kongres weer oor die hele land met hulle saam geneem. Die stryd om die Afrikanerskool het 'n stoot gekry soos nog nooit tevore nie.

Vandag pluk ons die vrugte van hierdie arbeid. Ons moedertaal het in ons onderwys tot sy reg gekom, en op baie plekke - selfs in ons stede - staan daar pragtige Afrikaanse skole. Die Afrikaner het vandag só ver gekom dat hy onderwys vir sy kind deur middel van sy eie taal nie meer as 'n guns vra nie, maar dit as sy gewone reg eis. Dit is wel waar dat daar vandag nog sentra is, waar die Afrikaner hierdie gewone, natuurlike reg nie gegun word nie, en dat hy 'n stryd moet stry wat op ander plekke nou reeds jare gelede gewen is. Dit is op sulke plekke dat die F.A.K.

besef/...

besef dat ook sy stryd vir die onderwys nog nie volstry is nie, en dat hy vasbeslote is om hom, soos in die verlede, as die bondgenoot van die Afrikaneronderwyser, van die Afrikanerouer en, bowe alles, van die Afrikanerkind in die stryd te werp.

Die F.A.K. het uit die aard van die saak vernaamlik met die geestelike belange van die volk te doen, maar hy het self al gou gevind dat die nood van die volk op stoflike gebied hom nie kan koud laat nie. Die gewone kulturele belange en die stoflike belange staan by enige volk nie volkome los van mekaar nie; inteendeel, daar is 'n baie noue, intieme samehang. Dit is immers nie denkbaar nie dat 'n volk wat in armoede krepeer, kultureel kan presteer en bloei nie.

Hierdie waarheid het die F.A.K. raakgesien. Vandaar dat hy hom die stoflike nood van die volk ten seerste aangetrek het. Vandaar dat hy lang en indringende samesprekings oor die probleem van blanke armes gevoer het. Vandaar dat vrywel alle kongresse van die F.A.K. ernstige aandag aan hierdie vraagstuk gewy het.

Dit het egter nie net by studie en samespreking gebly nie; daar moes positiewe stappe gedoen word, daar moes 'n masjinerie geskep word wat die Afrikaner op ekonomiese gebied sou dien. Die resultaat was dat die F.A.K. die Ekonomiese Instituut in die lewe geroep het, 'n organisasie wat die beste kragte en hoofde van die Afrikanerdom op ekonomiese gebied saamgetrek het, en wat as gesaghebbende liggaam ondersoek kon instel en raad en leiding kon gee. Vandag voorsien die Ekonomiese Instituut in 'n baie ernstige behoefte van ons volk, en het die F.A.K. in die Instituut 'n liggaam wat bevoeg is, en ook geesdriftiglik bereid is, om deskundige raad en leiding te gee.

Die sorgwekkende vraagstuk van honderde duisende blanke armes bestaan vandag - laat ons die Here daarvoor dank - nie meer nie. In hoeverre die F.A.K. 'n regstreekse bydrae gelewer het om vir hierdie probleem 'n oplossing te vind, sal 'n mens nie maklik kan sê nie. Maar één ding staan vas, en dit is dat hy 'n baie belangrike onregstreekse bydrae gelewer het. Deur ons mense tot

die/...

die erns van die saak wakker te skud; deur tot 'n beter begrip van die probleem mee te werk; en deur kragte van deskundiges vir die groot taak te werf en te wen, het die F.A.K. getoon dat hy begryp het dat, as ons volk kultureel moet bloei, hy terselfdertyd materieel minstens menswaardiglik moet kan bestaan.

Op grond van die voorgaande sien ons dus dat die Afrikaner gedurende die afgelope kwarteeu, merkwaardige vordering gemaak het. Wat vername aspekte van sy kulturele lewe betref, soos die organisasie van kultuurkragte, die gewone, tipiese kultuurbedrywighede, die onderwys en die ekonomiese lewe, is die beeld wat 1954 vir ons bied, seer seker nie so somber as dié van 1929 nie. Ons het rede om innig dankbaar te wees, en veral die F.A.K. kan vandag met genoeë skone vrugte van sy arbeid gadeslaan.

Maar al is dit die geval, en al besef ons dit terdeë, moet ons vandag gedurig toesien dat ons vir geen oomblik in die stryd verslap nie. Ons mag nie op ons louere rus nie; ons moet voortdurend daarteen waak om nie deur selfvoldaanheid aan die slaap gesus te word nie. Vandag is die tyd wanneer ons moet onthou en wanneer ons gewaarsku moet wees, dat hy wat rustig en veilig sit, baie makliker aan die slaap raak as hy wat gedurig moet worstel en stry.

Laat ons met onsself ook maar eerlik wees: naas die vordering wat ons gemaak het, is daar in ons eie midde vandag ook baie dinge wat nog nie reg is nie. Hierin sien ons des te meer rede waarom ons nie in valse gerustheid mag verval nie, maar met onverminderde, wakkere behoedsaamheid ons weë die toekoms in moet betree.

Laat ek hier 'n paar ontstemmende feite noem. Dit is bekend dat op verskeie plekke Afrikaanse Kultuurverenigings en skakelkomitees gedurende die afgelope tiental jare doodgeloop het, en ook dat opkomste by Afrikaanse Kultuurfeeste soos Krugerdag en Geloftedag op sommige plekke onrusbarend gedaal het. Dit is eweneens 'n feit dat die vermoënde Afrikaner van vandag nie altyd dieselfde belangstelling en liefde vir sy volksverlede toon as sy arm broer van vyftien of twintig jaar gelede nie. Dit is ook 'n feit dat die vermoënde Afrikaner van vandag nie meer met dieselfde

gees/...

gees van taalhandhawing as sy arm broer van vroeër besiel is nie. En dit is ook 'n feit dat die vermoënde Afrikaner van vandag, ten spyte van sy aansienlik vermeerderde middele, nie meer met die oortuiging en bereidwilligheid van sy arm broer van vroeër sy bydraes vir volksake gee nie. Die tyd sal ons ook nog moet leer of die Afrikaner van vandag, wat die vrugte van die stryd pluk en aan groter weelde gewoond geraak het, wanneer die skokke en beproewings miskien weer kom, dieselfde weerstand en deursettingsvermoë as sy arm broer van vroeër aan die dag gaan lê.

Ons sien daar is, naas al die vordering wat ons gemaak het, vandag ook ernstige, onrusbarende tekens, en ons moenie onsself mislei deur te meen dat ons geen stryd meer het nie.

Laat ek by veral één terrein kom, waarop die Afrikaner vandag nog ver agter staan, en wat vir ons in ons hedendaagse samelewing van die allergrootste betekenis geword het. Nou wil ek dit graag baie duidelik stel dat van my behandeling van hierdie kwessie geensins afgelei moet word dat ek teenoor ons Engelse medeburgers en hulle belange minder gunstig gesind is nie. Trouens, ek wil baie openhartig sê dat ek Engelssprekende vriende het wie se vriendskap ek hoog waardeer; ook dat ek goed besef watter groot rol die Engelse volk in die geskiedenis gespeel het; en ook dat ek groot bewondering het vir die uitdrukkingsvermoë en fynheid van die Engelse taal en die klassieke produkte van die Engelse letterkunde.

Maar dit alles neem nog nie weg nie dat my belangstelling en liefde in die eerste instansie by ons eie Afrikaanse taal en letterkunde is, en dat ek ook met hart en siel daarna sal strewe om in eerste instansie my eie taal en letterkunde te dien. Die Afrikaanse taal is immers die gawe van God aan ons volk, en 'n bydrae van ons volk tot die kultuur en beskawing van die wêreld. Die F.A.K., en inderdaad elke Afrikaner, het die onafwendbare plig om ons taal te beskerm, te dien en te bevorder, sodat dit - net soos bv. die Engelse taal - tot volle, vrye ontwikkeling en bloei kan kom.

Daarom kan ons nie met lede oë aanskou dat vandag veral op één gebied ons taal nog nie die ondersteuning geniet wat hy behoort te geniet nie, en dat hy selfs deur Afrikaners afgeskeep en ondergraaf word. Ek dink hier aan die koerantewese. Hoe is dit vandag in verband hiermee gesteld? Kan ons sê dat ons rede het om tevrede te wees?

Die koerantewese het nou al vir 'n hele paar jaar lank die aandag van die F.A.K. geniet, en ek is persoonlik ook al lankal besig, in soverre ek tyd daartoe kan vind, om gegewens oor ons koerantewese te versamel. 'n Paar belangrike verskynsels, wat uit die kulturele oogpunt vir ons van die allergrootste betekenis is, wil ek graag hier stel.

Die meerderheid - inderdaad meer as 60% - van die blanke bevolking van Suid-Afrika is vandag Afrikaanssprekend. Op grond hiervan sou 'n mens verwag dat daar meer Afrikaanse koerante as Engelse koerante sou wees, of, so nie meer Afrikaanse koerante nie, dan meer lesers van Afrikaanse koerante as van Engelse koerante. Of, as ons dit meer beskeie stel: dat daar ongeveer net soveel Afrikaanse koerante as Engelse koerante sal wees, of, so nie ongeveer net soveel Afrikaanse koerante nie, dan, op sy minste gesê, ongeveer net soveel lesers van Afrikaanse koerante as van Engelse koerante.

Maar wat vind ons in werklikheid? In ons land is daar vandag ag Afrikaanse koerante, d.w.s. dagblaaie en Sondag- of weekblaaie. Terloops moet ek byvoeg dat ek my hier by koerante van enige omvang bepaal en die suiwer plaaslike koerantjies, asook die gewone geïllustreerde tydskrifte soos Die Huisgenoot, Die Brandwag, Sarie Marais en Die Landbouweekblad, buite rekening laat. Die 8 Afrikaanse koerante is die volgende: vier dagblaaie, t.w. Die Vaderland, Die Burger, Die Transvaler en Die Volksblad; en vier wat weekliks of tweekeer per week verskyn, t.w. Dagbreek, Die Landstem, Ons Vriend en Die Oosterlig. Op gronde van ons bevolkingsyfers verwag ons dat daar dan ongeveer ook 8 Engelse koerante sal wees. Maar in werklikheid vind ons teenoor hierdie 8 Afrikaanse koerante in ons land nie minder as

presies/...

presies dubbel die getal Engelse koerante nie, 16 altesame, t.w. die Star, Rand Daily Mail, Cape Argus, Cape Times, Natal Daily News, Natal Mercury, Eastern Province Herald, Evening Post, East London Daily Despatch, Pretoria News, Natal Witness, Friend, Diamand Fields Advertiser, Sunday Times, Sunday Express en die Sunday Tribune.

Nou moet 'n mens van die getalle koerante as sodanig nog nie veel aflei nie, want dit is denkbaar dat daar in die een taalgroep minder koerante as in die ander kan wees, maar dat die mindere getal koerante miskien deur meer lesers gelees word. Is dit egter by ons die geval? Die antwoord op hierdie vraag toon vir ons 'n skokkende toestand, wat vir ons Afrikaners seker nie tot eer strek nie. Die feit is dat die 16 Engelse koerante saam byna vier-keer soveel lesers het as die 8 Afrikaanse koerante saam; en - wat ons die waarheid nog duideliker laat verstaan - dat die één Engelse dagblad, die Star, ongeveer net soveel lesers het as wat al vier die Afrikaanse dagblaaie, Die Vaderland, Die Burger, Die Transvaler en Die Volksblad, tesame het. Dit is feite hierdie, skokkende feite, waarvoor ons nie ons oë kan sluit nie.

Nou hoop ek dat niemand 'n verkeerde vertolking van my woorde sal gee nie. Ek is nie besig om teen ons Engelse koerante op te trek nie. Inteendeel, ek gun hulle hulle opgang en bloei en ek het waardering vir alle werk wat hulle in openbare belang doen. Ek het egter slegs één doel voor oë, en dit is om ons Afrikaners daarop te wys dat ons - gesien ons getalsterkte - ons plig teenoor ons Afrikaanse koerante nie doen nie, en selfs besig is om ons plig skromelik te verwaarloos.

Op die redes hiervoor wil en kan ek hier nou nie uitvoerig ingaan nie. Dit kan bv. wees dat ons Engelse mede-burgers, ten spyte van hulle kleiner getal tog beter en gretiger koerantlesers is; dit kan wees dat ons Afrikaners, wat jarelank - tot vrywel in ons eie tyd - die pionierslewe moes voer om ons land te beskaaf en bewoonbaar te maak, 'n groot agterstand in leeslus en leeservaring het; en dit kan ook wees dat baie van ons

Afrikaners/...

Afrikaners nog eenvoudig vassit aan die hardnekkige gewoonte om net Engelse koerante te lees. Ons laat die redes egter daar. Vir ons doel is dit genoeg om te weet dat daar hierdie uiters belangrike terrein is waarop daar vir ons 'n groot taak wag. Ons koerante is 'n kweekterrein en oefenveld vir ons taal; hulle is die teelaarde vir 'n nuwe woordeskat, waarvoor daar daagliks eise aan ons gestel word; hulle is 'n opvoedende, vormende faktor in die huisgesin; hulle is die daaglikse metgeselle van vader, moeder en kinders. Voorwaar, so 'n magtige kultuurkrag kan ons nie langer afskeep nie. Ons moet ons met beslistheid voorneem dat ons ons plig teenoor ons Afrikaanse koerant sal doen. Dit beteken nog geensins dat die Afrikaner nie ook Engelse koerante mag lees nie; trouens so 'n negatiewe houding sal geen regskape Afrikaner vandag inneem nie. Maar dit beteken eenvoudig dat ons, terwyl ons besef dat ons Afrikaners is, sal sorg dat ons Afrikaanse koerante sal lees, en eerste sal lees, wat ons ook al verder wil lees. Mag dit een van die vernaamste take wees wat ons in die kwarteeu wat voorlê, sal aanpak - en nie slegs sal aanpak nie, maar ook sal volvoer!

Kyk ons dan nou terug oor die kwarteeu wat verby gegaan het, dan sien ons duidelike en oorvloedige bewyse dat die Afrikaner op kulturele gebied vooruit gegaan en sy posisie versterk het. Ons sien ook dat die F.A.K. die vrugte van sy arbeid pluk en dat hy 'n betekenisvolle aandeel aan dié vooruitgang gehad het. Terselfdertyd is dit nodig dat die Afrikaner nie deur sy sukses in valse gerustheid moet verval nie, en dat hy goeie rede het om ernstig besorg te voel oor sekere verskynsels wat hulle vandag openbaar.

Alles in aanmerking genome, het ons egter stof tot dankbaarheid oor wat in vyf-en-twingig jaar bereik is, en insonderheid oor die werk wat die F.A.K. in dié tyd gedoen het. Vanselfsprekend sal ons nooit in ydele selfverheerliking onsself op die skouer wil klop om vir onsself die eer van die sukses op te eis nie. Inteendeel, ons glo dat die verandering wat daar vir ons

volk/...

volk gekom het, en veral die beëindiging van die groot vraagstuk van blanke armes, die wil en die werk van die Here was; ons weet dat Hy - soos in Bybelse tyd - 'n wonderwerk voor die oë van mense gedoen het. Terselfdertyd glo ons dat die Here, in die uitvoering van Sy wil, van mense gebruik maak; en dat Hy in die uitvoering van Sy wil met ons volk, ook vir die F.A.K. 'n taak gehad het en nog het. In nederigheid en ootmoed dank ons Hom uit die diepte van ons harte dat Hy in die werk van Sy hande ook vir ons gebruik het.

Laat ek afsluit. In die jare wat voorlê, mag dit weer voorkom, soos dit in die verlede gebeur het, dat ons as Afrikaners oor sekere vraagstukke of stappe van mekaar mag verskil, en dat die gevaar mag dreig dat ons gevoelens hoog mag loop. Laat ons dan gedagtig bly aan die treffende woorde wat ons geliefde Totius gebruik het, toe hy op die groot Moedertaalkongres waarna ek hierbo verwys het, die woord gevoer het. Hy sê hy het by Vaalrivier gestaan. Vaalrivier was vol. In die middel was daar 'n eiland, begroei met bome en hoë bosse. Weerskante verby het 'n siedende watermassa takke en boomstamme meegesleur. Dit was 'n beklemmende, vreesaanjaende gesig. Totius kon nie anderkant sien nie: deur die bosse, die bome en die watervloed was hy geskei van die ander oewer, en kon hy nie weet wat daar aangaan nie. Toe kom daar by hom meteens, so tussen die beklemming in, die kalmerende, salwende gedagte: al word ek met mag en geweld van die anderkant geskei, al kan ek nie eers daar sien nie, dit weet ek: die land daar anderkant is ook my land; die mense daar anderkant is ook my mense; die versperring is maar tydelik; die vloed loop af en dan is ons weer één.

Hierdie treffende beeld van die gevierde Volksvader is vir ons 'n aanskouingsles vir die toekoms. As verskille van mening ons van mekaar skei; as die vloedwaters afkom, laat ons dan onthou: die versperrings is maar tydelik, die Vaal en die Oranje loop af en alkante woon daar Afrikaners wat, of hulle dit besef of nie, deur 'n Alwyse ~~Voorsienigheid~~ God met 'n diepere, fundamentele

band/...

band tot 'n skone kulturele eenheid saamgevoeg is.

Mag ons as Afrikaners hierdie waarheid elke dag besef. Mag ons dit nie slegs besef nie maar in ons eie lewens ook elke dag waarlik uitleef. Mag die F.A.K. steeds voorop gaan; en mag ons almal, soos één man, onder sy banier volg. Dan sal - wie weet? - die nuwe kwarteeu wat ons ingaan, miskien nog skoner en besielender wees as die kwarteeu wat ons nou hiermee vaarwel toeroep.

---